**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 04 DESEMBER 2024 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | *(Virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdd. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | *(Virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. M Mseleni | | Interne Ouditeur |
| Mev. RC Gerber | : | Klerk: Komitees |

***

| | AKSIE |
|---|---|
| **RVN001/12/2024**<br>**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**<br><br>Die Speaker verwelkom almal by die laaste Raadsvergadering vir 2024, waarna Raadsheer de Vries die vergadering open met gebed.<br><br>‘n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek wat op die “YouTube” platform ingeskakel is, asook Raadslid Moolman en Raadslid Adams wat op die “Teams” platform ingeskakel is.<br><br>*** | |
| **RVN002/12/2024**<br>**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**<br>**3/3/1/4**<br><br>Raadslid Isaacs – afwesig met verskoning<br>Bestuurder: Strategiese Dienste – vakansieverlof<br><br>*** | |
| **RVN003/12/2024**<br>**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**<br>**3/3/1/6**<br><br>Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.<br><br>*** | |
| **RVN004/12/2024**<br>**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING</u>**<br>**3/3/2/2**<br><br>Die Speaker lei die item kortliks in.<br><br>**<u>BESLUIT</u>**<br><br>Dat die bekragtiging van die notule van die vorige vergadering oorstaan na die volgende Raadsvergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 21 Januarie 2024.<br><br>*** | ***(RC GERBER)***<br>***KLERK: KOMITEES*** |
| **RVN005/12/2024**<br>**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING</u>**<br><br>Die Speaker lei die item kortliks in.<br><br>**<u>BESLUIT</u>**<br><br>Dat die Implementeringsverslag van die vorige vergadering oorstaan na die volgende Raadsvergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 21 Januarie 2024.<br><br>*** | ***(RC GERBER)***<br>***KLERK: KOMITEES*** |
| **RVN006/12/2024**<br>**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**<br>**3/3/2/2**<br><br>Geen<br><br>*** | |

**RVN007/12/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

- Hy bedank die Raadslede en amptenare vir die afgelope ses maande se goeie vergaderings in die belang van die gemeeskap;
- Hy vra dat waar die Raadslede en amptenare oor die vakansie verkeer, hulle 'n atmosfeer van harmonie en vrede sal skep en die tyd saam met hul families geniet; en
- Hy wens vir Bergrivier Munisipaliteit in totaliteit baie geluk met die negende skoon oudit en bedank hy die Administrasie namens die Raad vir elkeen se bydrae tot die skoon oudit.

LIEF

- Hy wens die Uitvoerende Burgemeester namens die Raad geluk en seënwense toe met sy twintigste huweliksherdenking; en
- Dat die Interne Ouditeur en die Speaker in Desember verjaar en wens die Speaker die Interne Ouditeur namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag.

LEED

- Dat Mnr. J Sass, werksaam in die Finansiële Dienste direktoraat, se oom baie siek is en word hy en sy familie sterkte toegewens in hierdie tyd; en
- Dat 'n munisipale vragmotor sopas uitgebrand het en word die amptenare in die Tegniese departement sterkte toegewens.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Sy bedank die Raad namens die Administrasie vir die Raad se goeie gesindheid en stabiliteit;
- Sy bedank die Raad vir die ekstra verlof dae oor die Feestyd;
- Sy spreek haar dankbaarheid uit dat niemand beseer is tydens die brand van die munisipale vragmotor; en
- Sy moedig alle Raadslede om die Prysuitdelingsfunskie op Vrydag 13 Desember 2024 by te woon en saam met die amptenare die jaar af te sluit.

***

**RVN008/12/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/12/2024**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/12/2024**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: WATERDIENSTE PLAN OUDIT 2023-24**
**16/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer de Vries, lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad die Water Services Development Planning (WSDP) oudit verslag aanvaar en goedkeur.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN011/12/2024**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER: "SPAZA SHOPS"**
**9/1/4**

Die Speaker lei die item breedvoerig in.

Die Munisipale Bestuurder meld dat die Direksie tans in die proses is om deur die onderskeie beleide van Bergrivier Munisipaliteit in-diepte deur te werk en indien nodig, aanpassings en opdaterings aan te bring.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

Dat die Uitvoerende Onderburgemeester toesien tot die dringende samestelling van 'n "JOC" in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die Weskus Distriksmunisipaliteit se Gesondheidsinspekteurs en rolspelers van die Korporatiewe Dienste en Gemeenskapsdienste direktorate.

***

**RVN012/12/2024**
**AANSUIWERINGSBEGROTING: KAPITAAL EN OPERASIONEEL 2024/2025**
**5/1/2**

***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Daniels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Speaker gaan oor tot stemming by wyse van hande met die volgende uitslae:

Ten gunste van: 11
Nie ten gunste van: 0
Bly buite stemming: 1
Afwesig met verskoning: 1

Die Speaker bedank alle rolspelers vir die samestelling van die begroting.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

a. That the second annual adjustments budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2023/2024, be approved:

i. Table B2: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by standard classification)

ii. Table B3: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by municipal vote)

iii. Table B4: Adjustments Budget Financial Performance (revenue by source)

iv. Table B5: Adjustments Budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding

v. Table B6: Budgeted Financial Position;

vi. Table B7: Budgeted Cash Flow;

vii. Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation;

viii. Table B9: Asset Management;

ix. Table B10: Basic service delivery measurement;

x. Supporting Tables SB1 – SB 20

b. That the adjustments budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN013/12/2024**
**<u>QUARTER 2 REPORT: STATUS OF WARD COMMITTEES</u>**
**3/2/2**

Die Speaker lei die item in.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That Council takes note of the content of the report.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN014/12/2024**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENT: OCTOBER 2024</u>**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item in.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That Council takes note of the monthly budget statement and supporting documentation for October 2024.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN015/12/2024**
**<u>SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT FOR OCTOBER 2024</u>**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item in.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That Council takes note of the October 2024 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN016/12/2024**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN17/12/2024**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERINGS</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN018/12/2024**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die amptenare verlaat die vergadering om 15:26, waarna die volle Raad, Munisipale Bestuurder, Direkteure Korporatiewe Dienste, Finansiële Dienste, Tegniese Dienste en Klerk: Komitees die vergadering In-Komitee voort sit)***

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:05***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________ ______________________
***VOORSITTER*** ***DATUM***